RAADSKOERANT

BOERE-AFRIKANERVOLKSRAAD

www.volksraad.co.za kontak@volksraad.co.za
Tel: 012 802 4285

Nommer 9 Maandag 11 April 2016

VOLKSRAADKENNISGEWING

Selfbeskikking: internasionale gemeenskap ingelig

In opvolging van die gesprek deur die Boere-Afrikanervolksraad met die Regering oor selfbeskikking vir ons volk, bevestig die Staatsprokureur, namens die President, in 'n skrywe aan die Volksraad, gedateer 20 Februarie 2015, onder meer:

> "The President and the rest of the National Executive subscribe to the foundational values in the Constitution, namely, that the Republic of South Africa is one, sovereign, democratic state founded on the values of human dignity, the achievement of equality and the advancement of human rights and freedoms; non-racialism and non-sexism; supremacy of the Constitution and the rule of law; universal adult suffrage, a common voters' roll, regular elections and a multi-party system of democratic government, to ensure accountability, responsiveness and openness. (Section 1).
>
> "Furthermore, the National Executive (including the President), are committed to upholding, defending and respecting the right of the South African people as a whole to self-determination as manifested in the Constitution. Moreover, they regard it as their responsibility to uphold, defend and respect all the rights that are enshrined in the Constitution, including, but not limited to, the right of freedom of association (section 18), the political rights of citizens (section 19), the right of everyone to use the language and to participate in the cultural life of their choice (section 30, subject to the limitation stated therein), and the rights of cultural, religious and linguistic communities (section 31, subject to the limitation referred to therein)."

Voorts word in die skrywe verklaar

1. dat erkenning van die reg op selfbeskikking soos in artikel 235 van die Grondwet vervat, 'n grondwetlike *toelating*, eerder as 'n grondwetlike *verpligting* daarstel; en
2. dat **nasionale wetgewing** soos in art. 235 vermeld, die middel is waarvolgens en waardeur 'n gemeenskap wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel, selfbeskikking kan verkry.

In die 22 jaar van ANC-regering het nóg die Regering nóg enige parlementêre party 'n vinger verroer om die gemelde nasionale wetgewing op die wetboek te plaas.

Dit blyk dus duidelik dat daar geen erns by die huidige Regering bestaan om selfbeskikking aan die Boere-Afrikanervolk (of enige ander volk in Suid-Afrika) (hierna S.A.) te verleen nie.

In die lig van die onlangse skuldigbevinding van die President deur die Konstitusionele Hof dat hy die Grondwet ondermyn het, is sy beroep op die Grondwet slegs 'n verskoning om volke wat selfbeskikking begeer, met 'n kluitjie in die riet te stuur. Vir die ANC is die Grondwet 'n middel om hul politieke doelwitte soos in die *Freedom Charter* uitgespel, agter 'n vroom masker van "wettigheid" deur te voer.

Voorts het navorsing getoon dat die Internasionale Menseregtekomitee, wat verbrekings van die Verenigde Nasies se Internasionale Konvensie oor Burgelike en Politieke Regte (*ICCPR*) moet hanteer, 'n hond sonder tande is en dat geen wesenlike steun van hulle verwag moet word om uitvoering te gee aan ons aanspraak op selfbeskikking nie.

Gevolglik het die Volksraad sy regsverteenwoordiger, mnr. Paul Kruger, versoek om 'n memorandum te skryf om die Internasionale gemeenskap formeel oor die Boere-Afrikanervolk se situasie in te lig en hulle uit te nooi om tot die dispuut toe te tree.

Mnr. Kruger het daarop 'n omvattende en deeglik gedokumenteerde memorandum geskryf waarin ons volk se saak vir eie volkskap en vryheid verdedig word. Die volgende aspekte word in die Memorandum gedek:

regsaspekte mbt selfbeskikking; die Boere-Afrikanervolk se ontstaan, stryd aan die Oosgrens, Groot Trek, die Boererepublieke en die Britse imperialisme in Suid-Afrika; unifikasie (1910), die politieke geskiedenis ná 1902, ons volkerebeleid en die ongeëwenaarde uitgawes en ander hulpbronne gewy aan die opheffing en welsyn van die Swartes; die Kommunisties-geleide stryd om S.A. en die De Klerkregering se oorgawe; pogings tot verkryging van selfbeskikking vir die Boere-Afrikanervolk, en die Volksraad se aksies in verband daarmee; apartheid en rassisme in die Nuwe S.A.

Die *Memorandum* sal eersdaags in die buite- en binneland versprei word.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 11 April 2016

VOLKSRAADKENNISGEWING

Klag teen Jacob Zuma

Die Volksraad het toegetree as mede-klaer tot ‘n klag van haatspraak en aanhitsing tot rassehaat wat die HNP op 21 Januarie 2016 teen Jacob Zuma by die S.A. Menseregtekommissie gelê het. Die klag spruit voort uit Zuma se bewering dat die Blankes die grond van Suid-Afrika by die Swartes sou gesteel het.

TLU-SA is besig met regsoptrede oor dieselfde bewering, nadat Zuma versuim het om te reageer op ‘n eis deur dié landbou-organisasie dat Zuma vir sy ongegronde bewerings verskoning moet vra.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 11 April 2016

VOLKSRAADKENNISGEWING

Volksraadsvergadering

Die Volksraad vergader op Vrydag 29 April om 10:00 in Orania. Die voorgenoemde sake en verdere optrede in ons stryd om selfbeskikking sal onder meer bespreek word.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 11 April 2016

Die Vaste Fondament

Sal Ek nie soos hierdie pottebakker met julle kan maak nie, o huis van Israel? Spreek die HERE. Kyk soos klei in die hand van die pottebakker, so is julle in my hand, o huis van Israel!

In een oomblik sal Ek spreeek oor ‘n nasie en oor ‘n koninkryk om dit uit te ruk en om te gooi en te vernietig;

Maar as die nasie waaroor Ek gespreek het, hulle bekeer van hul boosheid, sal Ek berou hê oor die onheil wat ek van plan was om hulle aan te doen.

Jer. 18:6-8